**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 1 5 9 | 81 06 14 226 | 389 | 1719 |

OGGENDBLAD Jg. 9 Nr. 227 P. 10 Dat. 81. 3. 14

# ALMAL KAN HELP

DIE vuurpylaanslag op Voortrekkerhoogte laat Woensdagaand wys weer eens hoe noodsaaklik dit is dat ons paraatheid tot die hoogste moontlike mate uitgebou word.

Nie slegs die paraatheid en slaggereedheid van ons Weermag en ander beveiligingsmagte nie, maar ook van die gewone man.

Dit is voorheen gesê, maar dit is nodig om dit te herhaal — selfs tot verveiens toe te herhaal —dat die soort aanvalle weer gaan voorkom en in toenemende mate kan voorkom.

Klaarblyklik het die terreurmagte hul veldtog teen Suid-Afrika verskerp — soos die groot aantal insidente die afgelope paar weke wil aandui.

Ons sal dus moet verwag dat daar te enige tyd op enige plek toegeslaan kan word.

Om die terreur die hoof te bied, sal ook die gewone man sy deel moet doen deur voortdurend sy oë oop te hou en enige gebeure of voorval wat verdag lyk, so gou moontlik by die polisie aanhangig te maak.

Een of ander tyd moet die mense wat die terreur beplan, uit hulle gate kruip en openlik beweeg. Dit is dan wanneer die gewone man sy deel kan doen om dié soort gebeure te voorkom.

Dit is egter nie nodig dat ons paniekbevange raak nie. Die anvalle is steeds onbeholpe en amateuragtig en net 'n lastigheid of 'n nuuswaardigheid. Maar ook dié situasie kan verander.

Ons sal koelkop moet bly en eenvoudig aanvaar dat terreur teen ons gaan toeneem voordat dit afneem.

Daarby kan ons steeds met 'n groot mate van gerustheid vertrou op ons polisiemanne wat met dié jongste gebeure in Oos-Kaapland gewys het dat hulle vinnig en doeltreffend kan optree om die booswigte aan te keer en uit te wis.

**TREFWOORDE**

1. Redaksioneel
2. Voortrekkerhoogte
3. Aanvalle / Terrorisme
4. Vuurpyle
5. Aanvalle
6. Gemeenskap
7. Weerbaarheid
8. Polisie
9. Samewerking
10. 